Nuusbrief vir 10 Oktober 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Begroting goedgekeur vir 2020

10 Oktober 2019

Op ons jaarlikse begrotingsvergadering met ons ouers wat op 7 Oktober plaasgevind het, is die volgende skoolfonds en resolusies bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Koshuislosies vir 2020

10 Oktober 2019

Op die begrotingsvergadering met ons ouers op 7 Oktober is die volgende koshuislosies en resolusies vir 2020 bevestig en goedgekeur:
Losies: R30 100 per jaar per kind - vooruitbetaalbaar op drie maniere:
Eenmalig vir die jaar voor die einde van die eerste kwartaal, naamlik 31 Maart 2020; OF
R7 525 per kwartaal binne die eerste twee weke van elke kwartaal; OF
R3 010 per maand oor 10 maande, voor die 25ste van elke maand, met die laaste betaling vóór 30 November 2020.
Oorhandiging aan prokureurs van 'n kwartaal agterstallige rekening en uitsetting van sodanige kosganger uit die koshuis vanaf die daaropvolgende kwartaal. Die ouer bly aanspreeklik vir agterstallige losies, al is die leerder in so 'n geval uit die koshuis uit.

Baie dankie aan al ons ouers wat die vergadering bygewoon het.

Handboekbestellings

10 Oktober 2019

Ons uitgewers, Books 24/7 kom weekliks die bestellings en bewys van betalings by die skool haal. Hulle beplan om die laaste week van Oktober reeds handboeke te kom aflewer. Onthou asb die volgende: Plaas die bestelling met die regte bedrag kontant in 'n toegeplakte koevert met die leerder se naam en u as ouer se kontakbesonderhede voor op die koevert OF heg die bewys van betaling aan die bestelling vas en bring dit na mev Van der Westhuijzen by ons finanskantoor.
Let asseblief daarop dat u nie by die skool EN by Books 24/7 kan bestel nie - dan is dit 'n duplisering en gaan daar dubbele pakkies opgemaak word!

Handboeke 2020 - belangrik!

10 Oktober 2019

Elke leerder het 'n handboeklys vir 2020, sowel as 'n instruksieblad ontvang. Die instruksieblad sit duidelik uiteen hoe u die handboekkwessie moet hanteer.
U moet net asseblief daarop let dat die graad 9, 10 en 11 Wiskunde (nie Wiskunde Geletterdheid nie! - net Wiskunde), sowel as die graad 11 Lewensoriënteringboeke verander vir 2020. Die kooplyste wat u kind ontvang het, dui die korrekte boeke aan. U kan net nie hierdie bogenoemde handboeke tweedehands van 'n ander jaargroep oorkoop nie. Kyk in alle gevalle altyd na die ISBN-nommer van 'n boek sodat u doodseker kan wees dat dit die regte boek is.

Handboeke graad 10 vir 2020 BELANGRIK!

10 Oktober 2019

Die uitgewers, Books 24/7, het laat weet daar is 'n fout op die boekelys wat uitgegaan het. Die "Spot on English" boek vir die English First Additional language leerders se prys is R200 en NIE R100 NIE! Neem asseblief kennis hiervan sodat u die regte betaling doen en nie 'n tekort saam met u bestelling betaal nie.
Die korrekte bedrag is ook op die boekelys aangedui wat op "Resources" / Bronne op hierdie Communicator verskyn.

Seniorraad en VRL

10 Oktober 2019

Ons sê graag baie geluk aan die volgende leerders (en hul ouers) wat tot die seniorraad vir 2020 verkies is:
Hoofseun: Louis de Jager; hoofdogter: Marnic Ligthart
Onderhoofseun: Julian Fortuin; onderhoofdogter: Kelsey Ziegers
Ander lede (alfabeties volgens vanne): seuns - Albert Bester, Lyle Booyse, Bertus Brits, Jay-Cee Kotzé, Joshua Minnaar, Nicol Smit, Fred Turner, Tian van Lill en Louis Zikmann.
Dogters: Cara Bester, Jaziél Burrows, Renaldi Carstens, Corli de Clerq, Kristan Kraak, Anri Malherbe, Emma Steyn, Micheala van der Westhuizen en Inge von Wielligh.
Gr. 11 VRL-lede: Coan Chinner, André Steyl, Tiaano Walters, Imke Erasmus, Bianca Kotzé en Lize Rheeder.
Gr. 10 VRL-lede: Dezré Goosen, Tiaan le Roux en Martine Versveld.
Gr. 9 VRL-lede: Milani Bacela, Uné Beneke en Toné Malherbe.

Koshuise huiskomitees

10 Oktober 2019

Baie geluk aan die volgende koshuisleerders (en hul ouers) wat tot die huiskomitees vir 2020 verkies is:
Huis van Zyl: Elanie Pieters (hoofdogter), Gabrielle Steyn (onderhoofdogter), Anke Daniels, Gladys Matewa en Lelethu Sodlulashe.
Huis van Imhoff: Lyle Booyse (hoofseun), Joshua Kotze (onderhoofseun) en Jayrayden November.
Baie geluk aan al hierdie leerders. Ons vertrou dat julle altyd Hoërskool Swartland se naam hoog sal hou en jul ampte met trots sal vervul.

Tennis uitslae

10 Oktober 2019

Die eerste seunstennisspan het teen HS Hopefield gespeel en 13-4 gewen. Petrie Steyn en David Isaacs het beide hul enkelwedstryde en dubbelwedstryde in skoon stelle gewen. Andrew Myburg en William Thomson het hul dubbelwedstryd in twee stelle gewen. Baie geluk aan hierdie seuns!

Hugenote kollege opedag

10 Oktober 2019

Hugenote kollege, Wellington-kampus, se opedag is op 12 Oktober van 09:00-13:00. Vir meer inligting oor hul kursusse wat aangebied word, of die opedag self, besoek www.hugenote.com of skakel 021-8731181. Aansoeke vir 2020 word nog aanvaar.

Verlore item na afloop van matriekafskeid gesoek!

10 Oktober 2019

NOG STEEDS OP SOEK:
Tydens die matriekafskeid het een van die graad 11-kelnerseuns 'n satyngevoerde, swart suede sjaal van een van die onderwyseresse se stoel se rugleuning afgehaal. Seker met die bedoeling dat dit 'n swart lap of tafeldoek was (deel van hul uitrusting of dekor?). Die dame het sentiment daaraan en wil dit vreeslik graag terughê. As enigiemand dalk bewus is hiervan of so 'n item per ongeluk in u huis beland het, sal ons dit baie waardeer as u dit sal inbring kantoor toe. Dankie!

Hokkie voorseisoen oefenprogram

10 Oktober 2019

Sien die hokkie voorseisoen oefenprogram onder Bronne / "Resources" op hierdie communicator.

Ses-aan-'n-kant somerhokkieliga

10 Oktober 2019

HSS bied tydens die 4de kwartaal, van 7 Oktober tot 25 Oktober, 'n ses-aan-'n-kant somerhokkieliga aan. Dit sal Maandae en Woensdae vanaf 19:00 by die Astro-hokkiebaan plaasvind, met die finale afsluiting op Vrydag 25 Oktober. Die kostes vir die liga is R200 per speler. Spanne sal bestaan uit ten minste 5 veldspelers en 'n doelwagter. Nie meer as 8 spelers per span word toegelaat nie. Elke span moet bestaan uit ten minste twee O.15-spelers en daar moet seuns en dogters in elke span wees. Elke span verdien 4 punte vir 'n wen, 2 punte vir gelykop en 1 bonuspunt vir wen met meer as 5, of verloor met net 1 doel.
Vir die skakel / 'link' om 'n span (of as individu) in te skryf, of vir die reëls wat sal geld, of enige ander navrae, kan die sportkantoor of mnr Lourens gekontak word.

Gebedsaksie

10 Oktober 2019

Daar is 'n groepie mense wat op gereelde basis bymekaarkom en vir ons dorp se skole bid. Dis op Dinsdae 08:00-09:00. Vir enige verdere navrae kan Anina by 0828204525 geskakel word.

Foto bestellings

10 Oktober 2019

Enige persone wat nog enige foto bestellings wil plaas, kan dit direk by die fotograwe doen by:
info@y-africa.co.za

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

10 Oktober 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

10 Oktober 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

KALENDER vir 10 Oktober 2019 - 17 Oktober 2019

10th Oktober 2019
Atletiek graadbyeenkoms
HSS

11th Oktober 2019
Graad 12 se laaste dag
Almal meld 07:30 by die kerk aan.

12th Oktober 2019
Reünie van 1989 matrieks
HSS
Sa. ogg 10:00 - stap deur die skool
Aand: Funksie in skoolsaal

12th Oktober 2019
Toutrek te Botha kelder

12th Oktober 2019
Atletiek Kwagga Top 10
Te George

12th Oktober 2019
Atletiek Laerskole uitnodigingsbyeenkoms
HSS

12th Oktober 2019
Krieket O/15A weg
Paarl
Vs HJS

12th Oktober 2019
Krieket O/19A tuis
HSS
Vs Porterville

12th Oktober 2019
Reünie van 1959 matrieks
HSS en Nuweplaas
Sa. ogg 11:00 - stap deur die skool
Aand: funksie by Nuweplaas

14th Oktober 2019
Gr 12 kry eksamenvoorligting

14th Oktober 2019
Personalia vergader 18:00

14th Oktober 2019
Gr 9 sistemiese toetse
HSS

15th Oktober 2019
Subkom. Fondse en oudstudente vergader 18:00

15th Oktober 2019
Gr 12 blokdag

16th Oktober 2019
Gr 12 RTT praktiese eksamen

16th Oktober 2019
Vaste Bates vergader 18:00

16th Oktober 2019
Tennis 1ste en 2de S en D vs Dirkie Uys (weg)

17th Oktober 2019
Erekleurekomitee vergader

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Handboeke koop graad 10 - 2020

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d9c453ac27a9697870831.pdf

Hokkie voorseisoen oefenprogram 2019

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d9723959779e764775414.pdf

Oktober 04 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d95cedc3ef32846341705.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.